BYBELSTUDIE HEBREËRS 3:1-6.

Soos daar in hoofstuk 1 en gedeeltelik in hoofstuk 2 'n vergelyking gemaak is tussen die Seun en die engele, word in hierdie gedeelte 'n vergelyking gemaak tussen die Seun en die beroemde geloofsvader van die Jode, Moses. Uit die betoog word dit duidelik dat die Seun groter is as die hoogaangeskrewe Moses.

1. In vers 1 word die gelowiges vir die eerste keer as broers aangespreek. In die eerste gedeelte van die vers, het daar iets besonders met hulle gebeur. Noem die twee gebeure.

.....

.....

2. *Ons is vir die Here afgesonder* [1]. Letterlik staan daar: *"Daarom, broers wat* ***heilig*** *is....."*. Om heilig te wees beteken nie om volmaak te wees nie. Wat beteken dit om heilig te wees? [vgl. 2:11].

.....

.....

3. *Ons is deelgenote van die hemelse roeping*. Die Griekse woord vir deelgenote is: kamerade of metgeselle. Ons is dus metgeselle van die hemelse roeping. Wat is die hemelse roeping? [Lees: Heb. 9:15; 11:14,16; 12:22; Fil.3:14].

.....

.....

4. Ons weet teen hierdie tyd dat Jesus die senukern van Hebreërs uitmaak. Nou sê die skrywer in vers 1 dat die lesers "*noukeurig op Jesus moet let....*". Letterlik: hulle moet ontdek wie Hy werklik is.
   Hoe ontdek ons wie Jesus werklik is en wanneer word Hy die dryfkrag in my lewe?

.....

.....

.....

5. Aan die einde van vers 1 verduidelik die skrywer wie Jesus is. Hy is die *Apostel* en *Hoëpriester* van die geloof. 'n Apostel beteken iemand wat gestuur word om 'n bepaalde opdrag uit te voer. Wat beteken Jesus se apostelskap volgens vers 1?

.....

.....

6. Hoeveel keer kom die woordjie getrou voor in die gedeelte en wat beteken dit om getrou te wees?

.....

.....

7. Merk die volgende as waar of vals:

- Jesus het meer heerlikheid as Moses ontvang omdat sy heerlikheid van God kom [3].

- Christus is medeverantwoordelik vir die skepping – daarom is Hy meer eer waardig as Moses [3].

- Moses was alleen ‘'n dienskneg in God se huishouding, maar Christus die Seun [5,6].

8. Die woordjie *hoop* is ‘'n sleutelwoord in Hebreërs [6]. Ons Afrikaanse woord bevat ‘'n element van onsekerheid [bv. Ons hoop dat dit binnekort sal reën]. Die Hebreërs se hoop is anders. Dit bevat sekerheid en vaste oortuiging. Watter ander woord sal u in die plek van hoop gebruik?

.....

9. Wie is ons Hoop? [1 Tim.1:1].

.....

****

Groepleiers: aantekening volg op bladsy 3.

AANTEKENING HEBREËRS 3:1-6.

1. Hulle is van die Here afgesonder.
   Hulle is deelgenote van die hemelse roeping.
2. Diegene wat heilig is, is deur God geheilig. Geheilig beteken in Hebreërs aan die een kant om gereinig te wees van die onreinheid van sonde. Aan die ander kant beteken dit om aan die heilige God toegewy te wees.
3. Volgens die oorspronklike Grieks van 2:14 het Jesus *"deel gekry"* aan ons vlees en bloed. In vers 1 word ons, op ons beurt, deelgenote van die hemelse roeping. Wat ‘'n heerlike ruil. Die hemelse roeping [9:15; Fil.3:14] beteken dat God ons voete op ‘'n toekomspad geplaas het wat gaan eindig by die hemelse Jerusalem [12:22] in die hemelse Vaderland [11:14,16].
4. Die Griekse werkwoord vir *noukeurig let op Jesus* [1] sê nie net dat die lesers hul oog op Jesus moet vestig nie, maar ook dat hierdie *let op Jesus* vir hulle innerlike werklikheid moet word. Dit moet die innerlike dryfkrag van hulle lewe wees. Hulle moet herontdek wie Hy werklik is. [Verder eie antwoord].
5. Twee belangrike fasette van wie Jesus werklik is word hier na vore gebring. Hy is nie net die Openbaarder van God, die Hemelkoning en ons Broer nie. Hy is ook Apostel en Hoëpriester. Hierdie twee name omvat Jesus se volle heilswerk van begin tot einde. *Apostel* fokus op die oorsprong van Jesus se heilswerk, en *Hoëpriester* op die uitvoering en afronding daarvan. Hierdie is die enigste keer wat die woord Apostel in Hebreërs gebruik word. 'n Apostel se belangrikheid lê daarin dat hy met volmag gestuur word om 'n bepaalde opdrag namens sy sender uit te voer. Binne die raamwerk van Hebreërs beteken Jesus se apostelskap:
   Eerstens dat Hy volmag ontvang het om God aan ons bekend te kom maak.
   Tweedens dat Hy die opdrag ontvang het om ons Hoëpriester te wees.
6. Vier keer.
   Getrouheid is een van die baie belangrike deugde in die Bybel. Dit is my optrede gesien vanuit my eie innerlike ingesteldheid. Getrouheid in die Nuwe Testament beteken dat jy konsensieus en volhardend dit doen wat van jou verwag word.
7. Waar.
   Waar.
   Waar.
8. Die woordjie *hoop* kom sewe keer in Hebreërs voor. Soos genoem bevat ons Afrikaanse woord *hoop* ‘'n element van onsekerheid. In Hebreërs daarteenoor bevat die woordjie *hoop* eerder sekerheid en vaste oortuiging. Daarom moet ons die woord eerder met ***verwagting*** vertaal.
9. Jesus Christus self is die bron en waarborg van hierdie verwagting.

****